ADDRESS | ADRES:
Unit 7, Genius Loci Office Park No. 6,
Hoogenhout Street, Langenhovenpark,
BLOEMFONTEIN
Private Bag X12, BRANDHOF 9324

CONTACT | KONTAK:
T: +27 51 446 4619 / 3452
F: +27 51 446 3148
E: info@brahman.co.za
W: www.brahman.co.za

Uitvoerregulasies en Vereistes

Aankope van geregistreerde Brahman diere, uit die hand transaksie of op 'n veiling.

Kwarantyn vereistes verskil na gelang van die land waarheen uitgevoer word in Suidelike Afrika.

Die volgende minimum toetse en veeartsenyvereistes moet nagekom word. U plaaslike staatsveearts is verantwoordelik om die toetse te monitor en die trok te seël wat die diere vervoer. Hy teken ook die finale uitvoer permit.

Tydige reëling moet hier met die veearts getref word om die seël en vertrek van die trok te koördineer. Die veilingsagent behoort 'n rol te speel in die proses.

Diere staan in kwarantyn vir ten minste drie weke, maar kan tot 'n maand duur afhangende van toets resultate. Koste hieraan beloop ongeveer R1000,00 per dier.

Standaard toetse wat gedoen moet word:

- Brusellose, Tuberkulose en Para-tuberkulose,
- Johnes se siekte - verskil per land wat minimum vereistes betref.
- Skedewas by alle bulle, soms tot drie skoon toetse word vereis.
- Inentingsprogram wat sekere siektes verhoed, bv. Kopvel, ens.

Die nodige dokumente moet beskikbaar wees tydens die verseëling van die voertuig wat oor die grens vervoer doen. Daar is AGENTE wat spesialiseer in die vervoer van oor-grens lewendehawe. U veilingsagent behoort u hier te kan help.

Let wel dat die toetse binne die tydperk gespesifiseer in die permit afgehandel moet word.

- Die koper verskaf die invoer permit vanaf sy betrokke Departement van Landbou.
- Alle veeartsenyverslae.
- Vanaf die Genootskap 'n skrywe na die Registrateur wat die dier se ID, registrasie nr en stamboom bevestig as korrek, asook geskiktheid vir uitvoer.

Navrae:

Sietze Smit - Rasdirekteur, SA Brahman
Kontak nr: 083 712 9965
E-pos: sytzesm@gmail.com